’n Lewe
in die
dans
van die
Drie-
eenheid

# ontdek

’n Missionale
raamwerk
en strategie
vir gemeentes

Bybelkor

Kopiereg © Bybelkor 2016
Bybelkor is ’n afdeling van Bybel-Media
Bybel-Media, Privaatsak X5, Wellington 7654
Bestellings: 0860 26 33 42
www.bybelmedia.org.za

Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingbewaring.

Skrifaanhalings in hierdie publikasie kom uit die Bybel in Afrikaans © 1983, 1990. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Ontwerp deur Out of the Blue Creative Communication Solutions

Geset in Gotham Rounded Light 8.5 pt op 11 pt deur Out of the Blue Creative Communication Solutions

Illustrasies deur Nico Simpson

Omslag ontwerp deur Out of the Blue Creative Communication Solutions

Gedruk en gebind deur Print on Demand, Tygerberg Junction, Junction Road, Parow Industria 7493

Eerste uitgawe, eerste druk 2016

ISBN 978 0 86487 832 8

**Medewerkers**

Christo Benadé, Lourens Bosman, Gustav Claassen, Gert Cordier, Nelis Janse van Rensburg, Jannie le Roux, Frederick Marais, Elize Morkel, Danie Mouton, Nelus Niemandt, Willem Pretorius, Freddie Schoeman, Nico Simpson, Dirkie van der Spuy, Carin van Schalkwyk, Chris van Wyk

## ’n Lewe in die dans van die Drie-eenheid

# ontdek

’n Missionale raamwerk en strategie vir gemeentes

# Inhoudsopgawe


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Inleiding: Om deel te neem aan die beweging van die lewegewende God | 6 |
| 2 | Ontdekkingsritme: ’n hulpmiddel | 8 |
| 3 | ’n Nuwe missionale bewussyn ontwikkel | 16 |
| 4 | Ses bewegings in die hart van die drie-enige God | 18 |
| 5 | Gestaltes van die kerk | 26 |
| 6 | Deelname aan die bewegings van die Drie-eenheid | 29 |
| 7 | Triniteit | 33 |
| 8 | Bewegings van die Drie-eenheid | 36 |
| | Gestuurde manifes | 42 |
| | Eindnotas | 44 |

# 1

# Inleiding: Om deel te neem aan die beweging van die lewegewende God

Wanneer transformasie deur die Gees van die Here gedryf word, bring dit opwindende en energiewekkende beweging mee. Die Gees skep nuwe hoop en opgewondenheid oor die toekoms. Dit is die soort transformasie wat die afgelope jare reeds besig is om in die kerk te gebeur. Te midde van belangrike sake waaraan die kerk moes aandag gee, het hierdie diep verandering amper ongesiens, onder die radar, plaasgevind.

Dié verandering is die oorgang van 'n kerk wat op die instandhouding van die Christendom gerig is na 'n kerk wat soepel en dinamies word, 'n kerk wat omvorm en aanpas met die doel om deel te wees van God se liefdevolle en lewegewende beweging na die wêreld. Hoewel hierdie veranderingsproses al 'n geruime tyd aan die gang is, is dit nou op die voorgrond geplaas deurdat die leierskap missionale transformasie amptelik as een van die heel belangrikste prioriteite van die kerk aanvaar het.

Hierdie besluit is gegrond op nuwe nadenke wêreldwyd oor die leer van die Drie-eenheid en die missionale aard van die drie-enige God. Dit het groot implikasies vir kerk-wees en bied die moontlikheid om geboorte te gee aan 'n kerk wat op nuwe en kreatiewe maniere die goeie nuus van Jesus Christus vergestalt.

In plaas daarvan dat die sendingwerk van die kerk op 'n afstand bedryf en met 'n wisselende mate van entoesiasme deur die kerk ondersteun word, word sending nou deel van die kern van die kerk. Met erkenning aan die groot werk wat sendelinge oor die wêreld heen gedoen het en steeds doen, wat met groot opoffering en persoonlike swaarkry

gepaardgegaan het, word daar nou wegbeweeg van 'n idee wat net sekere mense as sendelinge beskou.

Sending is nie meer net die taak van 'n klein groepie mense wat in sending belangstel nie. Die gedagte het gegroei dat almal wat deel van die kerk is hierdie roeping het. Alle gedooptes is gestuurdes. Ons almal word meegesleur deur 'n magtige beweging – die beweging van die lewegewende God na 'n sterwende wêreld. Só word die magte van selfsug, magsug en hebsug die stryd aangesê. Verder word mense bevry en in staat gestel om te floreer en 'n sinvolle en betekenisvolle lewe te geniet. Ons doen dit wanneer ons die uitnodiging aanvaar om deel te neem aan die ewig liefdevolle, hoopgewende, vreugdevolle gemeenskap van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Deelname aan hierdie gemeenskap bring egte, lewegewende transformasie vir gelowiges, vir gemeentes – vir die kerk as geheel. Dit loop uit op 'n samelewing wat gevul is met liefde in plaas van haat, vrede in plaas van konflik, vreugde in plaas van droefheid en hartseer.

Wat jy hier in jou hand het, is 'n eerste konsensusdokument van die volgende taakspanne: Missionale Ekklesiologie, Lidmaatbemagtiging, Gemeentebediening en Liturgie en Erediens. Kom ons maak die gesprek oop oor wat dit beteken om as gestuurdes deel te neem aan die dans van die drie-enige God.

**Freddie Schoeman**
**Voorsitter: Taakspan Missionale Transformasie**

2

# Ontdekkingsritme: 'n hulpmiddel

Die nuwe perspektief is om geloofsdissiplines binne die speelveld van die Triniteit te plaas. Binne hierdie perspektief is die ontdekkingsritme 'n hulpmiddel wat gelowiges help om in hulle alledaagse menswees 'n missionale bril op hulle geloof en lewe te plaas. Dit sluit nou aan by die Seisoen van Luister en die Seisoen van Menswaardigheid.

## Drie groot bewegings

Die ontdekkingsritme bestaan uit drie groot bewegings – rus, hoor en leef. Hierdie drie bewegings vorm 'n ritme. Missionale transformasie word immers nie met een geleentheid "afgehandel" nie. Ons maak dit deel van die ritme van ons lewe.

| | |
|---|---|
| RUS | Ons raak stil en maak tyd om by die drie-enige God tot rus te kom. |
| HOOR | Ons wandel in die Woord, luister diep na die Woord en ontdek waarmee God in ons lewe besig is. |
| LEEF | Ons kyk vanuit die Triniteit na ons lewe en ontdek hoe ons kan deelneem aan dit waarmee God besig is. |

Ons kan dit grafies soos volg uitbeeld:




## Ses oomblikke

Die drie bewegings van die ontdekkingsritme word verder in ses oomblikke verdeel. Elke oomblik help ons om te stop en vanuit 'n ander perspektief na die Woord en lewe te kyk. Ons kan dit grafies soos volg uitbeeld:



## 1 Openingsgebed

In die eerste oomblik ontvang ons die teenwoordigheid van die drie-enige God.

## 2 Wandel in die Woord

In die tweede oomblik luister ons diep na die Woord en ontmoet God daardeur. Ons vra:

- Wat het met my gebeur?
- Waar het my gedagtes gaan stilstaan?
- Watter vraag het by my opgekom?

## 3 Woord-stilte

In die derde oomblik fokus ons om oop te wees vir die bewegings van die Gees hier tussen ons. Ons vra:

- Waarmee is God besig? (*What on earth is God up to?*)

## 4 Wandel in God se wêreld

In die vierde oomblik kyk ons nuut na ons lewe vanuit die bewegings van die lewende drie-enige God. Ons probeer onderskei wat God op hierdie oomblik aan die doen is. Ons vra:

- Van watter bewegings van die drie-enige God raak ek bewus?

## 5 Deelname aan bewegings van die Gees

In die vyfde oomblik dink ons na oor waarheen God ons lewe rig en hoe ons aan God se bewegings kan deelneem. Ons vra:

- By watter beweging van die Gees sou ek kon inskakel?

## 6 Seëngebed

In die sesde oomblik ontvang ons die drie-enige God se beloftes van sy teenwoordigheid en tree in die lewe in.

## Aanbieding van die ontdekkingsritme

### 1 Openingsgebed

In die eerste oomblik ontvang ons die teenwoordigheid van die drie-enige God.

**a.** Maak jou oë toe, sit gemaklik agteroor en ontspan. Raak bewus van al die gevoelens in jou hart. Erken dit.

**b.** Fokus op die drie-enige God wat by ons is. Laat iemand die onderstaande gebed voorlees.

*Drie-enige God,*
*Vader, Seun en Heilige Gees,*

*U maak ons deel van die*
*saam-wees en een-wees*
*wat daar tussen U as Vader, Seun en Gees is.*

*U gee Uself weg om ons vry te maak*
*en reik uit na ons wêreld*
*waar U as Koning heers deur te dien*
*sodat vreemdelinge en vyande*
*familie van mekaar kan word.*

*U Gees laat ons sien en hoor*
*dat U heeltyd en oral in en om ons is.*

*Amen.*

**c.** Gee kans dat mense dit kan ontvang. Dalk wil hulle hulle hande simbolies na onder draai en vir die Here gee wat hulle wil en dan hulle hande na bo draai om God se teenwoordigheid te ontvang.

### 2 Wandel in die Woord

In die tweede oomblik luister ons diep na die Woord en ontmoet God daardeur. In ons ontdekkingsritme wil ons altyd eers weer nuut ontdek wie God is. Wie God is, gee vorm aan ons verstaan van wie ons self kan wees.

**a.** Kies ’n Skrifgedeelte en laat iemand dit stadig hardop voorlees. Gee kans dat almal dit weer rustig self kan deurlees.

b. Raak bewus van die gedagtes, beelde of vrae wat by julle opkom terwyl julle tyd in die teksgedeelte deurbring.

c. Draai nou na iemand (verkieslik 'n vriendelike vreemdeling) en deel die volgende:

   - Wat het met my gebeur?
   - Waar het my gedagtes gaan stilstaan?
   - Watter vraag het by my opgekom?

Onthou, ons ontvang God se Woord deur diep na mekaar te luister. Ons gee dus kans dat mense self deel wat hulle uit die gedeelte gehoor het. Daarom ...

- luister ons met aandag en val mekaar nie in die rede nie.
- luister ons met 'n oop gemoed en kritiseer mekaar nie.
- luister ons na wat die Gees aan die doen is en gee nie raad nie.
- luister ons nederig en weet daar is nie net een "regte" antwoord nie.

## 3 Woord-stilte

In die derde oomblik fokus ons om oop te wees vir die bewegings van die Gees hier tussen ons.

a. Nooi mekaar om 'n oomblik in stilte in te gaan en na te dink oor wat die Heilige Gees dalk besig is om met ons te doen tussendeur alles waaroor ons gepraat het.

b. Hier dink ons na oor vrae soos:

   - Watter moontlikhede is God besig om in ons tyd saam vir ons oop te maak?
   - Watter nuwe gedagtes of aksies nooi God ons om te ontgin?
   - Watter nuwe prentjie is besig om met verloop van tyd vir ons te ontvou?

**c.** Gesels in die groep oor hierdie vraag:

- Waarmee is God besig? (*What on earth is God up to?*)

## 4 Wandel in God se wêreld

In die vierde oomblik kyk ons nuut na ons lewe vanuit die bewegings van die lewende drie-enige God. Ons probeer onderskei wat God op hierdie oomblik aan die doen is.

**a.** Help mekaar om vanuit 'n trinitariese perspektief te dink oor ons lewe. Dink terug oor die afgelope uur, dag, week. Waar en hoe het jy ervaar ...

1. God het jou ... ingeneem of ontmasker?
2. God het jou ... bevry of gestroop (leeggemaak)?
3. God het jou ... gestuur of ontwrig?
4. God het jou ... opgerig (heers) of beslag op jou gelê?
5. God het jou ... deel gemaak van (versamel) of vervreem (ontheem) van ...?
6. God het jou ... Godself gewys (beliggaam) of kwesbaar (blootstel) gemaak?

**b.** Deel met mekaar: Van watter bewegings van die drie-enige God raak ons bewus?

## 5 Deelname aan bewegings van die Gees

In die vyfde oomblik dink ons na oor waarheen God ons lewe rig en hoe ons aan God se bewegings kan deelneem.

**a.** Die drie-enige God nooi jou om deel te neem aan waarmee God reeds besig is. Deel met mekaar:

- Wat beteken dit vir my?
- By watter beweging van die Gees sou ek kon inskakel?

**b.** Dalk wil julle as groep op een van die volgende maniere hierop antwoord:

- Maak ’n inskrywing in ’n joernaal.
- Gee ’n tyd van stilte en laat mense enkelwoorde wat op hulle hart is tot God bid.
- Reageer op die ontdekkingsritme deur ’n gebed, gedig of gelykenis te skryf.
- Gebruik ’n simbool om julle verbintenis uit te beeld.
- Indien moontlik, laat mense alleentyd in die natuur deurbring.
- Bid ’n kettinggebed in die groep.

## 6 Seëngebed

In die sesde oomblik ontvang ons die drie-enige God se beloftes van sy teenwoordigheid en tree in die lewe in.

**a.** Sluit die byeenkoms af deur mekaar te herinner aan die drie-enige God se teenwoordigheid by ons:

*Ons gaan nou hier uit, maar onthou ...*

*Ons is nêrens toevallig nie.*

*Waar ons ook al gaan, daarheen het God ons gestuur,*

*waar ons ons ook al bevind, daar het God ons geplaas.*

*En onthou ...*

*God se lewende water neem ons in*

*God se nuwe wyn maak ons vry*

*God se helende olie salf ons*

*God se helder lig laat ons skyn*

*God se gedeelde brood maak ons een*

*God se suiwer sout bewaar ons lewe.*

*Amen.*

# 3

# ’n Nuwe missionale bewussyn ontwikkel

*We believe in the Triune God who is the creator, redeemer, and sustainer of all life … God invites us into the life-giving mission of the Triune God and empowers us to bear witness to the vision of abundant life for all in the new heaven and earth … Mission begins in the heart of the Triune God and the love which binds together the Holy Trinity overflows to all humanity and creation … The church is commissioned to celebrate life, and to resist and transform all life-destroying forces, in the power of the Holy Spirit.*[1]

Só beskryf die Wêreldraad van Kerke die lewegewende beweging van die drie-enige God na die wêreld. Dit gee uitdrukking aan die groeiende besef, veral in die tweede helfte van die vorige eeu, dat sending in die hart van die Drie-eenheid ontstaan het, en van daar oorvloei na elke deel van die geskape werklikheid. Die kerk het die voorreg om deel van hierdie beweging te wees. Om die waarheid te sê, dit is waarvoor die kerk deur die werking van die Gees tot stand gebring is (Hand 2). Soos Emil Brunner dit gestel het: “The Church exists by mission, just as a fire exists by burning. Where there is no mission there is no Church …”[2]

In die NG Kerk het hierdie missionale bewussyn oor die afgelope 15 jaar gegroei. Dit is veral aangevuur deur die werk van die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG). Die nuwe bewussyn mond uit in die aanvaarding van ’n rigtinggewende dokument tydens die sitting van die Algemene Sinode van 2013, naamlik die “Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk”. (Dit is verwerk en gepubliseer deur Bybel-Media onder die titel *Gestuur*). Tydens die daaropvolgende sitting van die Algemene Sinode in 2015 is ’n Taakspan vir Missionale Transformasie aangewys. Verder het baie streeksinodes aangedui dat

missionale transformasie ’n prioriteit van die kerk behoort te wees.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die breë leierskap besluit het dat missionale transformasie die kerk se hoogste prioriteit moet wees. Missionale transformasie behels ’n algehele gerigtheid op die kerk se deelname aan God se lewegewende beweging na die wêreld. Missionale transformasie is die proses waardeur God deur Jesus en die krag van die Gees gelowiges en gemeenskappe van gelowiges transformeer om al hoe meer die lewe en karakter van God te weerspieël om so te wys dat God se koninkryk inderdaad naby gekom het.

4

# Ses bewegings in die hart van die drie-enige God

Ou insigte oor die Triniteit wat die afgelope 30 jaar herontdek is, staan in die sentrum van 'n geïntegreerde missionale transformasieraamwerk vir die NG Kerk. Hierdie ou insigte behels 'n siening van die Triniteit wat minder strak en reglynig is en meer soepel en dinamies. Dit beweeg weg van 'n siening van die Triniteit wat baie abstrak en intellektueel met die diep geheimenisse van die wese van God omgaan na 'n benadering wat uitgaan van die insig dat die Triniteit 'n besliste werklikheid in ons alledaagse lewe is.

Daar is ses bewegings van die Triniteit wat veral op die missionale dinamika van die kerk betrekking het. Ons deelname aan elk van hierdie bewegings behels 'n moment van kruisiging en opstanding, 'n moment van bevestiging en 'n moment van ontwrigting. Aan die een kant bring dit wonderlike troos en bemoediging, maar aan die ander kant ruk dit ons uit ons gemaklike en selfgerigte lewe en lei dit ons na 'n lewe van dissipelskap en opoffering. Ons kan dit soos volg opsom en daarna in meer besonderhede uitpak:

| | **Opstanding (Bevestiging)** | **Kruisiging (Ontwrigting)** | **Simbool/ Metafoor** |
|---|---|---|---|
| **THEOSIS** | Die Drie-eenheid neem ons in | Die Drie-eenheid ontmasker ons | **Water** (Die doop verenig ons met God) |
| **KENOSIS** | Die Drie-eenheid bevry ons | Die Drie-eenheid stroop ons | **Wyn** (Die bloed van Christus bevry ons) |

| | Opstanding (Bevestiging) | Kruisiging (Ontwrigting) | Simbool/ Metafoor |
|---|---|---|---|
| **MISSIO DEI** | Die Drie-eenheid stuur ons | Die Drie-eenheid ontwrig ons | **Olie** (Ons word met olie gesalf vir 'n roeping) |
| **KONINKRYK (HEERSKAPPY)** | Die Drie-eenheid heers oor ons | Die Drie-eenheid lê beslag op ons | **Lig** (Ons rig tekens van die koninkryk op) |
| **PERIGORESE** | Die Drie-eenheid versamel ons | Die Drie-eenheid vervreem ons | **Brood** (Simbool van die liggaam van Christus waarbinne ons die verhoudings tussen die Persone van die Drie-eenheid vergestalt) |
| **INKARNASIE** | Die Drie-eenheid word beliggaam | Die Drie-eenheid maak ons kwesbaar | **Sout** (Deur Christus se liefde te beliggaam is ons sout) |




# THEOSIS
## (Die Drie-eenheid neem in en ontmasker)

*Om deel te kry aan die Goddelike natuur is, volgens baie toegewyde mense, die hoogste doel van ons menswees.*

Net soos God mens geword en die natuur van mense aangeneem het, stel Hy ons in staat om deur die “kosbaarste en allergrootste gawes” deel te kry “aan die Goddelike natuur” (2 Pet 1:4). Hierdie eenheid is natuurlik nie ’n wesenseenheid nie, maar ’n baie diep intimiteit met God waardeur God se wil en begeertes óns wil en begeertes word. God se droom van ’n florerende mensdom word ook ons droom.

*Deur die doop word ons met Christus verenig (Rom 6:1-11). Só neem die drie-enige God ons in. Dit is ’n wonderlike troos (HK, Vraag en antw 1), ’n teken van God se genade wat ons slegs maar kan ontvang. In hierdie proses moet ons ons maskers laat val – ons voorgee dat ons goed genoeg is, dat ons na God toe kan “opklim” deur ons goeie dade en dat ons die sonde uit eie krag kan oorwin.*




## KENOSIS
### (Die Drie-eenheid bevry en stroop)

*Deelname aan die lewe en karakter van Christus deur die krag van die Heilige Gees bewerk ’n diep innerlike transformasie in die lewe van die gelowige wat onder meer tot selfontleding en die afstanddoening van mag lei.*

*Kenosis* is die Griekse term wat in die Bybel gebruik word om Jesus se selfprysgawe te beskryf (Fil 2:5-11). Selfprysgawe is die teenoorgestelde van self-handhawing en selfvervulling. Selfprysgawe is deel van die wese van God. Die Vader stuur die Seun, en gee daardeur sy Seun prys te wille van sy liefde vir die wêreld. Die Seun is gehoorsaam aan die Vader se sending en géé sy lewe prys om só versoening en heling te bring. Die Gees kommunikeer die opoffering van die Vader en die Seun. Sonder opoffering sou daar geen sending of verlossing wees nie. As dissipels volg ons Christus op ’n pad van selfprysgawe. Die kerk, as liggaam van Christus, word geroep om haarself ter wille van die koninkryk te offer.

*Deur Jesus se selfprysgawe word ons bevry. Sy dood aan die kruis bring vir ons bevryding. Ons vereniging met Hom beteken egter ook dat ons ’n lewe van selfprysgawe sal leef. Deelname aan die lewe en karakter van Christus lei tot selfontlediging en die opname van die kleed van ’n dienskneg.*




## MISSIO DEI
### (Die Drie-eenheid stuur en ontwrig)

*Ons word geroep om deel te wees van God se lewe-gewende beweging na die wêreld. Missio Dei beskryf die aard van God – dat God die sturende God is.*

God het in sy selfopofferende liefde sy Seun na die wêreld gestuur om sy heilsplan bekend te maak en in werking te stel. Toe die Seun se werk voltooi was, het die Vader en die Seun Gees na die wêreld gestuur om sy werk te bevestig en voort te sit. Van ewigheid af is die drie-enige God ’n heilige gemeenskap wat na buite gerig is. As deel van hierdie “na buite gerig wees”, roep die Vader, Seun en Gees die kerk om deel te word van God se beweging na sy wêreld en die vestiging van sy koninkryk. Soos gestuurdheid ’n wesenskenmerk van die Drie-eenheid is, moet gestuurdheid ook ’n wesenskenmerk van die kerk wees. Ons leef en beweeg in die liefde van die drie-enige God. Sending is ons reaksie op die liefde van God wat ons aanspoor om liefde in die skepping te openbaar deur versoenend te leef. Die gemeenskap met God (koinonia) maak ons hart oop vir gemeenskap met mekaar sodat ons God se liefde kan deel.

*Die groot voorreg om in hierdie opwindende lewe-gewende beweging van die drie-enige God na hierdie wêreld opgeneem te word, beteken ons daaglikse lewe sal dikwels ontwrig word deurdat die Here ons die noodkrete van ons medemens laat hoor en ons na hulle toe stuur.*



# DIE DEURBREEK VAN DIE KONINKRYK

## (Die Drie-eenheid heers en lê beslag)

*Christus is die Koning van die wêreld. Dit was die sentrale geloofsbelydenis van die kerk sedert die vroegste tye: "Jesus is die Heer!" (Fil 2). Dit sluit aan by Jesus se aankondiging van die Goeie Nuus: "Die koninkryk van God het naby gekom" (Mark 1:15).*

Die missio Dei is gefokus op die vestiging van die koninkryk van God. Die koninkryk van God is groter as die kerk en is reeds sigbaar op aarde, maar dit sal volmaak wees met die wederkoms van Christus. Die koninkryk is sigbaar waar mense Christus se koningskap erken; waar die vernietigende invloed van sonde nie die laaste sê het nie, maar waar God deur sy Gees in beheer is; waar reg en geregtigheid, vrede en vreugde geld. As kerk word ons bymekaargemaak, gevorm en gestuur om tekens van die koninkryk op te rig, om 'n voorsmaak van die koninkryk te wees en om 'n instrument in die vestiging van die koninkryk te wees. Die kerk se fokus mag nooit op haarself wees nie, maar moet altyd op die koninkryk val.

*Die goeie nuus van die koninkryk is daarin geleë dat God sy heerskappy vestig en dat dit die einde van die heerskappy van die Bose beteken. Dit behels egter ook dat ons ons lewe aan God se wil en heerskappy sal onderwerp. God is die Koning van die wêreld en daarom ook ons Koning. As burgers van God se nuwe wêreld leef ons in gehoorsaamheid aan Hom.*



## PERIGORESE
### (Die Drie-eenheid versamel en vervreem)

*Die diep en intieme verhouding tussen die Persone van die Drie-eenheid help ons om iets van ons verhoudings met ander mense te verstaan – veral ons verhouding met mekaar as lede van God se familie.*

Perigorese beskryf die ewige, liefdevolle en onderlinge gemeenskap in die Drie-eenheid. Die Vader, Seun en Gees leef in ’n volmaakte verhouding met mekaar. Die kerk ontstaan wanneer hierdie verhouding in die missio Dei na buite gerig word. Die kerk leef uit en in die Triniteit en vertoon daarom ook die *imago Trinitatis*. Dit beteken die kerk is ’n gemeenskap in navolging van die innige en selfopofferende gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk is gemeenskap, nie ter wille van gemeenskap nie, maar ter wille van deelname aan God se sending. Hierdie gemeenskaplikheid is deel van die kerk se DNS en liefdevolle verhoudings vorm die grondslag van die uitreik van die kerk.

*Uit al die lande, tale en volke versamel die Drie-eenheid vir die Drie-eenheid ’n volk – en ons is deel van hierdie volk. Die voorreg om deel van dié volk te wees beteken egter die skeidslyne tussen mense lê nou anders – en dit beteken nuwe lojaliteite wat ou bande verbreek. Dit is ’n pynlike proses.*




# INKARNASIE

## (Die Drie-eenheid beliggaam en maak kwesbaar)

*Gevorm na die beeld van Christus vergestalt ons die evangelie in woord en daad in die gemeenskappe waarin God ons plaas en waarheen God ons stuur.*

God se liefde en gestuurdheid bly nie abstrakte bewegings nie, maar word in die inkarnasie van Christus beliggaam (Joh 1). Inkarnasie het te doen met Christus se menswording. Deur die inkarnasie wys God vir die wêreld hoe dit lyk wanneer sy liefde hande en voete kry. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om met mense te wees, waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem, al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie.

*Om deel van die proses van beliggaming te wees, bring groot vrede en bevrediging. Ons voel ons kom iewers tuis en is deel van iets groots. Ons is dáár waar dit saak maak – te midde van die nood van mense, betrokke by die nood van mense. Dit maak ons egter ook kwesbaar. Ons kry seer saam met ander. Ons eie nood lê immers nie ver onder die oppervlak nie.*

## ’n Lewe in die dans van die Vader, Seun en Gees



5

# Gestaltes van die kerk

Elk van hierdie teologiese bewegings word sigbaar in verskillende gestaltes van die kerk. Die vyf vernaamste kontekste waarbinne ons as kerk funksioneer, is die breë *samelewing* en *omgewings-inisiatiewe*, die *ekumene*, die *kerkverband* (sinodaal), *gemeentes*, en laastens elke individuele *lidmaat* as deel van 'n gemeenskap van gelowiges.



## Samelewing


Deur missionale transformasie wil ons die samelewing waarin ons leef transformeer. Dit wil sê, ons wil dit in lyn bring met hoe God dit wil hê. Dit doen ons nie op 'n triomfantalistiese manier of deur die uitoefening van druk en mag nie, maar deur as diensknegte met die gesindheid van Christus die liefde van God konkreet te maak. Die enigste mag wat ons het, is die mag van Christus se liefde wat deur ons werk.

As diensknegte van Christus kan ons egter met groot vrymoedigheid die evangelie verkondig terwyl ons dit vergestalt. Ons kan die leuen ontbloot, uitbuiting en onreg aan die kaak stel, die fluitjie blaas teen korrupsie en, sonder om te skroom, rassisme, klassisme en seksisme veroordeel. God se ryk van eenheid, geregtigheid en versoening moet gestalte kry deur gelowiges wat lig, sout en suurdeeg is.



## Ekumene

Om ten volle deel te neem en deel te wees van God se lewe-gewende beweging na die wêreld is dit van die uiterste belang dat gemeentes van verskillende denominasies sal hande vat en saamwerk. Die eenheid van die kerk moet sigbaar wees, indien nie struktureel nie, dan wel operasioneel. Wanneer Jesus-volgelinge die liefde van Christus sigbaar maak ten spyte van hulle diversiteit – en dalk juis deur middel van hulle diversiteit – word die evangelie beliggaam.



## Kerkverband

Die kerkverband staan in diens van die plaaslike gemeente. As diensknegte van mekaar help gemeentes mekaar om God se wil te soek en dit uit te voer. Dit wat die gemeente nie by magte is om alleen te doen nie, word saam met ander gemeentes in kerkverband gedoen. In kerkverband vertel ons ons stories en bemoedig en ondersteun ons mekaar.



## Gemeente

Die plaaslike gemeente vergestalt die evangelie. Die manier waarop die gemeente saamleef, saamwerk en saambid, stel die evangelie ten toon en oefen so 'n vormende invloed op die samelewing uit. Daar waar gemeentelede mekaar aanvaar, mekaar verdra, mekaar vergewe en mekaar omhels, word die evangelie 'n konkrete werklikheid – 'n getuienis teenoor die wêreld van die transformerende krag van die evangelie.
'n Gemeente skiet wortel in 'n bepaalde omgewing of plek. Op hierdie plek *is* hulle die evangelie en *leef* hulle die evangelie.



## Lidmaat

Binne 'n gemeenskap van gelowiges word individuele lidmate as dissipels van Jesus Christus gevorm. Hulle begin al hoe meer die gestalte van Jesus aanneem. Elke week word hulle bymekaargeroep deur God, gevorm en geslyp deur sy teenwoordigheid, toegerus en bemagtig deur die Gees en uitgestuur om die liefde van God sigbaar te maak aan almal wat God oor hulle pad stuur.

Deur hulle lewe en werk is elke lidmaat 'n ambassadeur vir Christus wat die goeie nuus dat Jesus die Here is, beliggaam deur hoe hulle hulle lewe inrig en deur hulle toewyding aan Hom. Hulle leef die waardes van respek, omarming, liefde en luister uit teenoor elke persoon wat hulle pad kruis. Só word elke lewensterrein met liefde, vreugde en vrede gevul.


6

# Deelname aan die bewegings van die Drie-eenheid

’n Missionale gemeente is ’n gemeente wat deelneem aan die bewegings van die Triniteit ... op uitnodiging van die drie-enige God self.

| | Beweging | Identiteit | Deelname |
|---|---|---|---|
|  | **THEOSIS:** die Drie-eenheid nooi ons in | Gaste | Ons neem die Triniteit se karakter aan deur geloofsvorming (ons nooi ook ander in) |
|  | **KENOSIS:** die Drie-eenheid ontledig ons | Bevry | Ons gee onsself ter wille van ander prys |
|  | **MISSIO DEI:** die Drie-eenheid stuur ons | Gestuurdes | Ons gaan – ons reik oor grense uit |
|  | **KONINKRYK:** die Drie-eenheid regeer dienend | Burgers | Ons onderwerp ons aan die Drie-eenheid se wil |
|  | **PERIGORESE:** die Drie-eenheid skep gemeenskap | Familielede | Ons bou verhoudings |
|  | **INKARNASIE:** die Drie-eenheid woon by ons | Mense | Ons leef 24/7 tussen ander (konkrete, sigbare dade) |

Ons kan die bewegings van die Triniteit en ons deelname daaraan grafies soos volg uitbeeld:




## ’n Wandel in die verhale van Jesus



**THEOSIS:** Johannes 13

Eers weier Petrus dat Jesus sy voete was. Dan sê Jesus vir hom: “As Ek jou nie was nie, het jy nie *deel aan My* nie.” Petrus reageer dan: “Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my gesig.” Theosis is om *deel te kry* aan Christus.




**KENOSIS:** Markus 10:42-45 (Fil 2)

Op pad Jerusalem toe – Jesus se lydensweg – stry sy dissipels oor wie van hulle die belangrikste is. Jakobus en Johannes vra selfs of hulle nie die ereplekke langs Jesus kan inneem wanneer Hy in heerlikheid regeer nie. Jesus sê dan: “Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.” Dissipels volg die kenotiese lewenspatroon van Jesus na.



**MISSIO DEI:** Johannes 20:21

Bang en vol angs kruip die dissipels agter geslote deure vir die Jode weg. Skielik staan Jesus tussen hulle. Hy sê vir hulle: “Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees!” Só word ’n groepie vreesbevange en ontnugterde dissipels bemagtig om met groot vrymoedigheid as gestuurdes te leef.



**KONINKRYK (HEERSKAPPY):**
Lukas 23:33-43

Die opskrif bokant Jesus se kop aan die kruis lui: "Dit is die koning van die Jode." Die koning van die wêreld hang magteloos aan 'n kruis … en behaal daardeur 'n kragtige oorwinning oor die sonde en die Bose. Deur sy kruisdood vestig Jesus sy koningsheerskappy. Wanneer ons ons aan Jesus se wil onderwerp en 'n posisie van dienaarskap in plaas van eer inneem, word sy heerskappy sigbaar.



**PERIGORESE:** Markus 1

Toe Jesus uit die water kom, skeur die hemel oop. 'n Duif daal neer – 'n teken van die Heilige Gees. Hy hoor 'n stem – die stem van sy Vader – wat sê: "Jy is my geliefde Seun." Vader, Seun, Heilige Gees – 'n ewig liefdevolle, in-nemende verhoudingswese.



**Inkarnasie:** Johannes 1 (Luk 1 – 2)

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon – hier by ons, te midde van die morsigheid van die menslike bestaan, by herders én wyse manne. Hy ervaar verwerping, seerkry, honger. Hy stel Homself kwesbaar. Wanneer ons Hom hierin volg – wanneer ons by mense en tussen hulle leef – beleef mense die goeie nuus.

# 7

# Triniteit

Een van die groot insigte in die onlangse nadenke oor die missio Dei is die hernude aandag aan die aard en karakter van die Drie-eenheid. Terwyl daar in die Weste baie staties en liniêr oor die Drie-eenheid gedink is, is daar nou met groot vrug gebruik gemaak van die meer dinamiese en relasionele eienskappe van die Drie-eenheid wat in die Ortodokse tradisie na vore gekom het.

## Skepper

Elke lidmaat vind hulle diepste identiteit in die feit dat hulle na God se beeld as sy verteenwoordiger op aarde geskep is. As sodanig het hulle die basiese opdrag om die aarde te bewaak en te bewaar (Gen 2:15) Hulle neem deel aan God se voortgaande skeppingswerk. Ná die sondeval word hierdie identiteit herstel. As gedooptes is hulle herstelde, nuwe mense met ’n onvervreembare waardigheid in God se oë.

Die gemeente, wat gereeld saamkom om die nagmaal te vier, vertoon daarmee die beeld van die Skepper-God. Hulle vertoon die beeld van die God wat omgee, insluit, vergewe en saamsnoer, en daarmee ook die beeld van die God wat mense waardig ag en hulle uitnooi om saam met Hom aan tafel te kom sit. Dit is ’n voorsmaak van die groot feesmaal wat wag.[3]

Elke mens is na die beeld van God geskep en het daarom ’n ingeskepte waardigheid. Hierdie boodskap moet die kerk wêreldwyd verkondig en demonstreer. Dit is ’n waarheid wat tans misken word. Geweld teen vroue en kinders, hoë misdaadsyfers, rassisme, en so meer, is tekenend hiervan. Die kerk kan heling bring deur mense te help om mekaar te respekteer, na mekaar te luister, mekaar te omarm en mekaar lief te hê.

Die skepping, wat tans nog aan verydeling onderworpe is, sien met reikhalsende verlange uit na die dag wanneer bevryding

uit die verslawing van verganklikheid sal aanbreek (Rom 8:20-21). Die belofte van 'n nuwe, verenigde hemel en aarde staan vas (Op 21:1-5). God sal sy skepping, wat goed en reg geskep is, weer heelmaak.[4] Daarom begin ons nou reeds 'n volhoubare leefstyl vestig en ekogeregtigheid nastreef.

## Verlosser

"Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!" (Ef 2:5). Elke lidmaat het die voorreg om op 'n baie persoonlike vlak hierdie redding te beleef en die meegaande vergifnis te ervaar. Deur die dood en opstanding van ons Verlosser, Jesus Christus, kan ons nou in 'n herstelde verhouding met God leef.

Die boodskap van versoening is aan die gemeente toevertrou (2 Kor 5:18-19). Hierdie boodskap moet deur evangelisasie op elke moontlike manier in ooreenstemming met koninkrykswaardes uitgedra word. Evangelisasie vereis spanwerk. Lidmate met die gawe van evangelisasie (Ef 4:11) moet die res toerus en lei om 'n antwoord te gee aan elkeen wat 'n verduideliking eis van die hoop wat in hulle leef (1 Pet 3:15).

As kerkverband hou ons vas aan die historiese tradisie van die vier solas wat die kern van ons verstaan van die verlossing vorm: *Sola Scriptura* (net die Skrif, nie die tradisie wat langs of buite die Skrif ontwikkel het nie), *Solus Christus* (Christus is ons enigste Middelaar), *Sola gratia* (ons word slegs op grond van genade gered, nie deur geloof of enige ander vorm van goeie dade nie), en *Sola fide* (die enigste grondslag van ons lidmaatskap van die kerk is ons geloof in Christus).

Die versoening van die individu met God moet ook tot uiting kom in herstelde verhoudings tussen individue. Soos ons vergewe is, moet ons ook vergewe. Ons is geroep om verhoudings in 'n gebroke wêreld te herstel (*Gestuur* 12) en versoening tussen mense te bewerkstellig. Dit impliseer 'n doelgerigte fokus op sosiale geregtigheid en die bestryding van alles wat skeiding tussen mense bring (soos rassisme, *colourism*, seksisme, klassisme).

## Lewegewer

Die Gees bring nuwe lewe in die daaglikse leefwêreld van die individu. Die Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Rom 8:16). Ons dra die vrug van die Gees: liefde, vreugde, vrede ... (Gal 5:22-23). Die Gees bring lewe (Rom 6:6). Die Gees maak Jesus se belofte waar: "Ek het gekom sodat julle die lewe kan hê, en dit in oorvloed" (Joh 10:10).[5]

Aan die einde van sy aardse bediening gee Jesus aan sy dissipels hierdie belofte: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees" (Hand 1:8). Op die Pinksterdag word die Gees oor die dissipels uitgestort – en só kom die eerste gemeente tot stand. Die Gees gee gawes aan lidmate om mekaar te dien, op te bou en toe te rus vir dienswerk (Rom 12; Ef 4). Die Gees bemagtig elke gemeente om kragtig te getuig van God se lewegewende beweging na die wêreld.


Die Gees bring nuwe lewe in 'n kerk waar strukture die oorhand begin kry en die klem op oorlewing en instandhouding begin val het. Wanneer die kerk haarself onder die beheer van die Gees plaas, beweeg die Gees op verrassende maniere en bring vernuwing in ou, krakende en dooie strukture.

Die mikpunt van God se lewegewende beweging na die wêreld is florerende mense in 'n florerende omgewing.[6] Gedring deur die Gees wat die vrug van liefde, vreugde en vrede in ons na vore laat kom, beweeg ons in gemeenskappe in waar die mag van selfsug, magsug en hebsug die oorhand het. Daar bring die Gees deur ons nuwe lewe. Mense wat 'n doodsbestaan gevoer het, begin floreer.

# 8

# Bewegings van die Drie-eenheid

Elk van die kontekste waarin ons as kerk funksioneer, kan dan ook in verband gebring word met ses bewegings van die Drie-eenheid, naamlik: theosis, kenosis, missio Dei, die deurbreek van die koninkryk, perigorese en inkarnasie.



# Lidmaat

| | |
|---|---|
| **THEOSIS – deelkry aan die Goddelike natuur**[7] | Deur die doop word elke dopeling met Christus verenig. Só word elke gelowige van die mag van sonde vrygemaak. Om saam met Christus gekruisig te word, beteken ons sondige bestaan is beëindig (Rom 6:6) en dat óns nie meer lewe nie, maar dat Christus in ons lewe (Gal 2:20). |
| **KENOSIS – ontlediging** | Die leefstyl van elke lidmaat moet kruisvormig wees – dit wil sê, dit moet die patroon aanneem van Jesus wat Homself ontledig en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het. Ontdaan van selfsug, magsug en hebsug, vertoon elke lidmaat dieselfde gesindheid as Jesus. Dit gebeur wanneer hulle geloofspraktyke beoefen wat geloofsgewoontes word en uitmond in diepgewortelde waardes wat gedrag, gevoelens en denke beheers.[8] |
| **MISSIO DEI – God se sending** | Elke lidmaat is 'n sendeling. Elke lidmaat neem deel aan en is deel van God se lewegewende beweging na die wêreld wat die doel het om alles nuut en heel te maak. Daarom het elke lidmaat 'n roeping om deur 'n lewe van liefde, vreugde en vrede God se ryk sigbaar te maak.[9] Die Heilige Gees bekragtig elke gelowige en inspireer hulle om hierdie werk te doen. |
| **HEERSKAPPY VAN CHRISTUS – koninkryks-fokus** | Elke lidmaat is 'n dissipel van Jesus Christus met die belydenis "Jesus is die Heer" op hulle lippe. Hulle is nie net bekeerlinge en verbruikers van godsdienstige ware nie, maar getroue volgelinge van Jesus wat alles wat hulle is en alles wat hulle het as lewende en heilige offers aan God gee (Rom 12:1). |
| **PERIGORESE – verhouding tussen Persone van die Triniteit** | Elke lidmaat leef in verhouding met ander lidmate as deel van die gemeente geskoei op die patroon van die ewig liefdevolle verhouding van die Persone van die Drie-eenheid. Elkeen dink nie net aan sy of haar eie belange nie, maar ook aan dié van ander (Fil 2:4). Hulle dien mekaar, versorg mekaar, vergewe mekaar. So sien ander dat hulle dissipels van Jesus is (Joh 13:35). |
| **INKARNASIE – beliggaming** | Elke lidmaat beliggaam Jesus op elke terrein van die lewe. Hulle proklameer en demonstreer nie net die evangelie nie, maar *is* evangelie en *leef* die evangelie deur konkreet en prakties gestalte aan Jesus se liefde vir mense te gee. Om dit te kan doen is die missionale geloofsvorming van kardinale belang. |

# Gemeente

| | |
|---|---|
| **THEOSIS – deelkry aan die Goddelike natuur** | Theosis is deelname aan die lewe en karakter van die drie-enige God – individueel sowel as gesamentlik. Elke gemeente is ’n gemeenskap van gelowiges wat die karakter en eienskappe van God weerspieël.[10] Dit word veral in die gemeenskaplike gebruik van die nagmaal uitgebeeld.[11] |
| **KENOSIS – Ontlediging** | Soos Jesus Homself prysgegee het, gee elke gemeente haarself prys ter wille van die gemeenskap waarbinne die Here elke gemeente geplant het. Elke gemeente sien haarself nie as ’n doel op sigself nie, maar as ’n teken en instrument van die evangelie. Oorlewing is nie belangrik nie – gehoorsaamheid en dienaarskap is. Weg is mededinging en ’n verbruikersingesteldheid. In die plek daarvan kom ’n begeerte om te dien. |
| **MISSIO DEI – God se sending** | Soos die Vader sy Seun gestuur het, en soos die Seun die Gees gestuur het, so stuur die Gees die kerk. Die bestaan van die kerk as sodanig is opgeneem in die missio Dei.[12] Elke gemeente word gereeld (ten minste elke Sondag) deur God bymekaargeroep en in die erediens deur God gevorm, bemoedig, versterk en toegerus. Dan word hulle uitgestuur om gestalte aan sy koninkryk te gaan gee. Só word die gemeente missionaal gevorm. |
| **HEERSKAPPY VAN CHRISTUS – koninkryks-fokus** | Christus is die Koning van die kerk. Elke gemeente soek na die wil van die Hoof van die kerk. Dit wat Jesus opgewonde maak, maak elke gemeente opgewonde, naamlik die koninkryk van God. Dit wat vir Jesus belangrik is, is vir elke gemeente belangrik, naamlik om gestalte aan die nabyheid van die koninkryk te gee, soos Jesus dit gedoen het. Die gemeente verkondig in woord en daad: “Jesus is die Heer!” |
| **PERIGORESE – verhouding tussen Persone van die Triniteit** | Elke gemeente leef in en vanuit die Triniteit en vertoon só die *imago Trinitatis*. Só skep die gemeente ’n veilige ruimte vir elkeen. Dit kan verskeie gestaltes aanneem, soos verskeie soorte kleingroepe. Dit is ’n ruimte waarbinne elke nuweling verwelkom word en onvoorwaardelike aanvaarding beleef.[13] |
| **INKARNASIE – beliggaming** | “The Word became flesh and blood, and moved into the neighborhood” (Joh 1:14, *The Message*). Die gemeente moet Christus inkarneer, beliggaam, op die plek waar die Here haar geplant het. Om dit te kan doen moet die gemeente ’n geloofsgemeenskap wees wat in en tussen die breër gemeenskap leef.[14] Die gemeente moet die samebindende krag van die gemeenskap word.[15] |

## Kerkverband

| | |
|---|---|
| **THEOSIS – deelkry aan die Goddelike natuur** | Is dit moontlik vir 'n hele kerkverband om deel te neem aan die lewe en karakter van die Drie-eenheid? Dis ons droom en gebed. |
| **KENOSIS – Ontlediging** | Die dae van 'n dominerende kerkverband wat haar wil op gemeentes afdwing, is hopelik vir goed verby. Die kerkverband staan in diens van gemeentes en neem, soos Jesus, ten opsigte van gemeentes die gestalte van 'n slaaf aan. Binne die kerkverband help ons mekaar om te droom, dinge nuut te sien, saam te besin en vir mekaar stories te vertel wat die verbeelding aangryp. |
| **MISSIO DEI – God se sending** | Die kerkverband help gemeentes om te sien dat hulle deel van die missio Dei is. Daar word gesamentlik gevra na waar God besig is en hoe daar by Hom aangesluit kan word. Daar word gesamentlik teologies oor die missio Dei besin. Breër tendense word onderskei en gemeentes kan begin sien hoe hulle vanuit hulle gewortelheid in hulle omgewing (*rooting*) met mekaar kan hande vat om groter doelwitte te bereik (*linking*).[16] Studente word opgelei om missionaal te dink. |
| **HEERSKAPPY VAN CHRISTUS – koninkryks-fokus** | Die kerkorde moet herskryf word om die missionale aard van die kerk te weerspieël. Ruimte moet gemaak word om te eksperimenteer met nuwe vorme van kerk-wees wat God se ryk van eenheid, geregtigheid en versoening vergestalt. |
| **PERIGORESE – verhouding tussen Persone van die Triniteit** | Ons respekteer mekaar, luister na mekaar, omarm mekaar en is vir mekaar lief (dien mekaar). Selfs in die manier waarop ons van mekaar verskil, vertoon ons die *imago Trinitatis*. |
| **INKARNASIE – beliggaming** | Om ten spyte van verskille steeds saam te werk beliggaam die gesindheid van Christus. Die vorming van netwerke waarbinne daar geen magsgrepe of pogings tot oorheersing is nie, is 'n manier om te wys aan Wie ons behoort. |

# Samelewing

| | |
|---|---|
| **THEOSIS – deelkry aan die Goddelike natuur** | Wanneer individuele gelowiges en die kerk in al haar verbande aan die lewe en karakter van God deelneem, met ander woorde, God se versoening, geregtigheid en heerlikheid vergestalt, het dit 'n transformerende uitwerking op die samelewing. |
| **KENOSIS – ontlediging** | Deur selfopofferende liefde het die kerk in die eerste eeue van haar bestaan die hele Romeinse Ryk verras. Hulle het hulle vyande liefgehad en hulle vervolgers vergewe. Hulle het die armes versorg en dié wat honger was, kos gegee. In die konteks van die brutaliteit van die Romeinse Ryk was dit treffend. Selfopofferende diens in en vir die gemeenskap, sonder om iets terug te verwag, is om die gesindheid van Jesus te vertoon. |
| **MISSIO DEI – God se sending** | Die kerk moet wortelskiet in elke plaaslike omgewing (*parish*) waarbinne die Here haar plant. Die kerk moet luister na die nood, behoeftes en strewe van al die inwoners van die gebied, die wil van die Here onderskei en daadwerklike aksie neem om in die nood te voorsien. "Staying is the new going." Die missio Dei is egter ook op die hele geskape werklikheid gerig en het daarom 'n kosmiese dimensie.[17] |
| **HEERSKAPPY VAN CHRISTUS – koninkryks-fokus** | Die goeie nuus wat Paulus verkondig het, lui samevattend soos volg: "Die wêreld het 'n nuwe Koning! Hy is die Joodse Messias wat uit die dood opgestaan het (1 Kor 15). Hy bring eenheid, geregtigheid en versoening (Kol 1). Elke knie sal voor Hom buig (Fil 2)."[18] Hierdie gebeurtenis veroorsaak dat die wêreld nou 'n ander soort plek is. Die regte reaksie is om dit te glo en ons lewe daarvolgens in te rig. Dit is die boodskap wat die kerk moet uitdra. Die profetiese stem van die kerk mag nie stil wees nie. |
| **PERIGORESE – verhouding tussen Persone van die Triniteit** | Die kerk moet die aard van die verhoudings in die Triniteit in die samelewing uitleef. Daarom vat die kerk hande met alle vorme van burgerlike instansies om gebroke en gefragmenteerde gemeenskappe saam te snoer en 'n nuwe samehorigheid te skep. So sal God se eenheid, geregtigheid en versoening groei. |
| **INKARNASIE – beliggaming** | Verskillende gemeentes van verskillende denominasie, as plaaslike gestaltes van die liggaam van Christus, moet hande vat en die liefde van Christus op praktiese maniere bedien. |




Drie-enige God,
Vader, Seun en Heilige Gees,

U maak ons deel van die
saam-wees en een-wees
wat daar tussen U as Vader, Seun en Gees is.

U gee Uself weg om ons vry te maak
en reik uit na ons wêreld
waar U as Koning heers deur te dien
sodat vreemdelinge en vyande
familie van mekaar kan word.

U Gees laat ons sien en hoor
dat U heeltyd en oral in en om ons is.

Amen.

# Gestuurde manifes

1. Vanuit ons wortels dink ons nuut oor hoe om vandag kerk te wees.
2. Ons glo in die Skepper, Verlosser en Vertrooster wie se gesig na ons toe gedraai is (*pro nobis*). Jesus gaan ons voor in die rigting van 'n mooier, betroubaarder wêreld (die koninkryk van God) en stuur ons as sy kerk die wêreld in.
3. Ons roeping is ingebed in waarmee God besig is. Gestuurdheid is kerk-wees.
4. Kerk-wees kan op baie maniere verduidelik word ...
5. ... en op verskillende maniere uitgeleef word.
6. Hoe ons met mekaar leef, versterk of verswak ons getuienis. Binne die eenheid van die kerk is daar ook ruimte vir diversiteit. Tydens hierdie reis luister ons diep na mekaar omdat ons nie almal eenders is, dieselfde verhale het en dieselfde gawes bring nie.
7. Oral waar ons leef en werk, rig ons tekens op van God se heerskappy, want God regeer reeds oor alles.
8. Soos Jesus, leef ons 'n lewe van selfprysgawe, saam met mense, waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is.
9. Want Christus is by ons, naby ons, weerloos. Ons bou verhoudings, dien ander, is weerloos en deel die goeie nuus.
10. Ons wag en luister na die Gees om helderheid te kry oor wat ons moet doen. Ons vier, geniet, ontgin en bewaar die lewe. God is groter as die instellings, stelsels, praktyke en strukture waarin ons leef. God kan ook dít verlos en vernuwe. Daarom het hierdie dinge nooit die laaste sê nie. Ons begin deur aan te sluit waar God reeds aan die werk is.
11. Ons as gemeente is die eerste prentjie wat mense van God se nuwe wêreld sien. Ons maak God se liefde sigbaar deur omgee, gasvryheid, hulp, gebed, vergifnis en sorg vir mekaar en ander. Dít is kerk-wees.
12. Ons is geroep om verhoudings in 'n gebroke wêreld te herstel en in God se skepping te leef soos Hy van ons vra. Daarom volg ons vir Christus, wat ons leer hoe om nuwe mense te wees en die wêreld deur nuwe verhoudings nuut te maak.

13. Ons sien mense, gesinne, families, groepe en gemeenskappe se nood en seer, ons help hulle en praat namens hulle. Ons doen dit saam met ander Christene.
14. Saam leef ons bewus van God wat die hele tyd by ons is.
15. Ons word hiervoor voorberei deur gereeld te stop, te rus en te luister na die Woord en Gees.
16. Ons almal – nie net die gemeenteleiers nie – is God se sout en suurdeeg vir die wêreld. Hiervoor gee die Heilige Gees aan ons elkeen gawes.
17. Hierdie gawes hou gemeentes in stand en die Gees gebruik dit om aan nuwe geloofsgemeenskappe geboorte te gee.
18. Ons ondersteun, bemoedig en beskerm hierdie nuwe, brose groei.
19. Hoe ons saam is en aanbid, wys in Wie ons glo en wie ons is. Daarom ondersteun elke aspek van ons gemeente-wees God se beweging na die wêreld. Daarom soek ons die betekenis van die Woord vir ons spesifieke omstandighede. Daarom bring ons byeenkomste prediking, sang, gebed en lewe bymekaar.
20. Dit is nie iets wat gelowiges alleen doen nie. Ons doen dit saam in 'n gesindheid van vrede, onderlinge diens en verbondenheid.
21. Ook die kinders en jongmense is volledig deel van wie ons is. Daarom omarm ons ook hulle taal en kultuur. Hulle is ons gidse op pad na die toekoms.
22. Vir God gaan dit oor meer as die kerk. Daarom is ons in gesprek met die politiek, kultuur, opvoedkunde, ekonomie en ekologie.
23. Dit is vir hierdie uitdaging dat gemeenteleiers opgelei word …
24. en ons ons organiseer.

**Uit: Nelus Niemandt & Piet Meiring 2014. *Gestuur: Kerk-wees tussen gister en môre*. Wellington: Bybelkor.**

# Eindnotas

1. New WCC Affirmation on Mission and Evangelism 2013. *Together towards life*. Buzan.
2. Emil Brunner 1931. *The Word and the World*. London: SCM, 108.
3. "Married, divorced or single here, it's one family that mingles here. Conservative or liberal here, we've all got to give a little here. Big or small here, there's room for us all here. Doubt or believe here, we all can receive here. Gay or straight here, there's no hate here. Woman or man here, everyone can serve here. Whatever your race here, for all of us grace here. In imitation of the ridiculous love Almighty God has for each of us and all of us, let us live and love without labels." Verwelkomingswoord van 'n stedelike gemeente in Denver, VSA.
4. "We do not believe that the earth is to be discarded and only souls saved; both the earth and our bodies have to be transformed through the Spirit's grace." *Together towards life*. WCC.
5. "Life in the Holy Spirit is the essence of mission, the core of why we do what we do and how we live our lives. Spirituality gives the deepest meaning to our lives and motivates our actions. It is a sacred gift from the Creator, the energy for affirming and caring for life. This mission spirituality has a dynamic of transformation which, through the spiritual commitment of people, is capable of transforming the world in God's grace." *Together towards life*. WCC.
6. Miroslav Volf skryf in sy nuwe boek *Flourishing* die volgende: "Flourishing … stands for the life that is lived well, the life that goes well, and the life that feels good – all three together, inextricably intertwined. I use the term interchangeably with 'the good life' and 'life worth living'."
7. "[T]heosis – Spirit-enabled transformative participation in the life and character of God revealed in the crucified and resurrected Messiah Jesus – is the starting point of mission and is, in fact, its proper theological framework." Gorman, Michael J 2015. *Becoming the Gospel: Paul, Participation, and Mission (The Gospel and Our Culture Series* (GOCS)). Eerdmans, Kindle loc 133-134.
8. "Power, success, happiness, as the world knows them, are his who will fight for them hard enough, but peace, love, joy are only from God." Frederick Buechner, *The Magnificent Defeat*.
9. "I believe God has placed within all of us 'impossible dreams' that we are called to bring into reality on earth – dreams that will bring glimpses of God's shalom world into people's lives." Christine Sine 2003. *Sacred rhythms: Finding a peaceful pace in a hectic world*. Grand Rapids: Baker Books, 226.
10. "To put it simply: the cross of Christ reveals a missional, justifying, justice-making God and creates a missional, justified, justice-making people." Gorman, Michael J 2015. *Becoming the Gospel: Paul, Participation, and Mission (The Gospel and Our Culture Series* (GOCS)). Eerdmans, Kindle loc 196-197.
11. "The celebration of the sacraments in the collective context of the Church sets the process of deification in relation to the Church's participation in God's mission [*missio Dei*] in the world. The calling to deification, and the processes of being deified are not esoteric or elitist but are part of the Church's witness to the purpose and value of human life and of God's purpose in calling all things into existence so that God may become 'all in all'. Collins, *Partaking in Divine Nature*.
12. "The Church exists by mission, just as a fire exists by burning. Where there is no mission there is no Church." Emil Brunner.

13. “Saints cannot exist without a community, as they require, like all of us, nurturance by a people who, while often unfaithful, preserve the habits necessary to learn the story of God.” Stanley Hauerwas.

14. “The seeds of the gospel are really small. They’re really about meeting God at dinner tables and in living rooms and in little towns that may not be known by the rest of the world. But it seems like that’s exactly what happens when God moves into the neighborhood in Jesus ... It’s that which I think we’re invited into is to grow into a neighborhood, to plant ourselves somewhere and to get to know people there, and to see the seeds of the kingdom grow there.” Shane Claiborne, http:// vimeo.com/ 27850420.

15. “I have come to feel that the primary reality of which we have to take account in seeking for a Christian impact on public life is the Christian congregation. How is it possible that the gospel should be credible, that people should come to believe that the power which has the last word in human affairs is represented by a man hanging on a cross? I am suggesting that the only answer, the only hermeneutic [means of interpretation] of the gospel, is a congregation of men and women who believe it and live by it.” Leslie Newbigin, *The Gospel in a pluralist society*.

16. Die bewegings rooting en linking word verduidelik in hoofstuk 7 en 8 van *The new parish*, Sparks, Soerens & Friesen.

17. “God did not send the Son for the salvation of humanity alone or give us a partial salvation. Rather the gospel is the good news for every part of creation and every aspect of our life and society. It is therefore vital to recognize God’s mission in a cosmic sense and to affirm all life, the whole *oikoumene*, as being interconnected in God’s web of life.” *Together towards life*, WCC, 5.

18. “Cities like Thessalonica, Philippi, or Corinth – all key centers of Paul’s work – knew perfectly well what a royal announcement meant. ‘Good news – we have an emperor! He has saved the world! He has brought peace and justice to us all! He is our Lord! He is the son of God!’ Now here is Paul saying, ‘Good news – the world has a new Lord! He is the true Son of God!’” Wright, NT 2015. *Simply Good News: Why the Gospel is news and what makes it good*. HarperCollins. Kindle loc 28.

# Notas

# Notas




Bybelkor

www.bybelmedia.org.za

ISBN 978-0-86487-832-8